VERJAARDAE GEDURENDE DIÉ WEEK



Ons wens doop- en belydende lidmate wat gedurende dié week verjaar baie geluk met hul verjaardag:

16 April **Minke Kruger,**Samuel Broadbent D9, ☎ 018 293 3240
18 April **Dup du Plessis,** Plaas Muiskraal, ☎ 071 112 8327
19 April **Johan Harding,** Konawoonstel 3, ☎ 076 917 6679
20 April **Annatjie Coetzee,** Huis Eieklaan TB , ☎082 810 1946
Gert van Blerk, Beyers Naudelaan 38, ☎ 082 649 435
21 April **Carma van Niekerk,** Fickhuis 1, ☎ 073 457 5323

VAN ONS DIAKONIE

Die kollektes vir **Barmhartigheid** van Sondag 8 April 2018 was R 3 910.
Die kollekte ten bate van **Kerklike Tydskrifte** was R 1 790.

DIAKONIE SE KOSKAS

Baie dankie aan almal wat help om ons blikkieskos aan te vul. Help die Diakonie sodat hulle kan sing: *"Opstaan, opstaan dis 'n heerlike dag!"* By hierdie liedjie pas koffie, tee, suiker en langlewe melk. Ons wil u tog vra om nie in grootmaat te koop nie, want dis moeilik om die koffie dan uit te deel tussen almal. U kan enige ander nie-bederfbare kos ook skenk. Hierdie is slegs 'n voorstel!!.

HAMBURGERBRAAI

Die volgende gemeente-aand en hamburgerbraai

NOU VRYDAGAAND
20 April 2018

Ons kuier gesellig saam vanaf 17:30 by die saal.
Vir 'n bestelling bel **Johan du Plessis** by die kerkkantoor
☎ **018 294 4600 of Pieter by ☎ 082 923 1384**
R 20 per hamburger. Dit bly 'n **"winskoop"**

Op die Kerkwerf

Gemeenteblad van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom
Jaargang 34, nr 12 Sondag 15 April 2018
REDAKTEUR: RUDY VAN DER SPOEL 018 294 3402
rudynell@telkomsa.net

Eredienste: 09:30 en 18:00 **Predikant:** Ds Ronald Bain **082 339 0933**
Kantoor **018 294 4600 Faks: 086 610 9283** Pastorie: **018 293 2116** Karin Bain **082 532 1620**
Koster Pieter Bouwsema **082 923 1384** **Orrelis:** Magda Pelser-van der Merwe **079 872 2516**
E-posadres: kantoor@gkpotchefstroom.co.za **Web:** www.gkpotchefstroom.co.za

Diensbeurte: Ouderlinge: **Gert Meyer** A1, **vakant** A2, diakens wyk A1 en A2 is vakant.
Teeskink na die erediens: Susters van wyke A7 en die C & D-wyke. A7 is Monique de Klerk en die **Susters** van **C & D wyke** word gevra om te help
Bussiediens: Vandag ry **Gert Kruger** 072 314 5534
Sondag **22 April** ry **Terence Kent** 072 61707553

Goeiemôre broers en susters, kinders en besoekers

EREDIENSTE Oggend Teologiese Student J C Potgieter, aand ds Ronald Bain

OGGEND: Lees: Lukas 23: 35 - 43; 1 Korintiers 15:12 - 26, 35 - 58
Fokus vers: 1 Korintiers 15: 20. Heidelberg Kategismus: Sondag 22
TEMA: ***God sal omsien na ons liggaam en siel, wees getroos en wy jou aan die werk van die HERE***
Lofpsalm: Psalm 103: 1 - 3, 10, 11
Belydenispsalm: Psalm 68: 9, 13, 15 - 16
Psalm van verootmoediging: Psalm 6: 1 - 4
Psalm ter voorbereiding vir die Woorddiens: Psalm 119: 26, 33, 40
Danklied/Loflied: Psalm 16: 1 - 5

AAND: Skrifgedeelte: Efesiërs 1: 1 - 14
Fokusgedeelte: Efesiërs 1: 11
Dordtse Leerreëls 1:6
TEMA: ***Die besluit wat onuitspreeklike troos verskaf***
SING: Psalm 113: 1 – 3; Psalm 133:1, 2;
Psalm 33: 1, 5, 6

Warm sjokolade na die aanddiens
Ons nooi al ons jong mense uit, veral die

Dagboek

18 Apr: **18:00 Finansiële kommissie**

20 April: **Gemeente-aand, hamburgerbraai**

wat nuut is in die gemeente, om na die aanddiens koffie of warm sjokolade by die **pastorie** in **De Wetstraat** te kom drink. Hoop om julle daar te sien.

LIEF EN LEED



Ons dra vir **Biggs Badenhorst** op aan die Here se sorg. Hy is steeds in die ISE van Medi-Clinic nadat hy verlede Sondag geopereer is. Dit wil voorkom of hy in 'n tipe koma is.

VAN ALLES EN NOG WAT

KOLLEKTES: Vandag en volgende Sondag: Onder die erediens vir **Barmhartigheid**. By die deure vanoggend vir **Teologiese Studentekas**.
Volgende Sondag se kollekte die oggend vir **Die Kerkblad**
Die kollekte vanaand by deure is vir **Instandhouding van die erediens**

KATEGESE
Vandag moet **Les 10** en **Psalm 45: 1 en 16** geleer word.
Maandag lees *Laat My lammers wei* Hoofstuk 40
Volgende Sondag moet Les 11 en Psalm 46: 1 geleer word
Woensdag om 14:15 vir Graad 8-10. 17:10 vir Belydenisklas by die pastorie.

BYBELSTUDIES Ons weeklikse Bybelstudies is soos volg:



Huis Eikelaan om 15:00 op Dinsdae
Jongmense om 18:30 op Woensdae in Jeugkamer.
Oggendbybelstudie Donderdae om 9:30 in konsistorie.
Donderdagaande om 18:30 in konsistorie.
Dinsdagaande van 18:30 tot 19:30. Bybelstudie vir ouers met klein kinders (0 tot 10 jaar) by Beyers Naudelaan 38 (of soos anders gereël).
Kontak Jonker Venter (082 566 3216) vir meer inligting.

GEHOORSTUKKE VIR DIE EREDIENS

Gehoorstukke wat 'n mens soos oorfone op jou ore plaas is beskikbaar by ons koster Pieter Bouwsema. Hierdie apparate is van besondere hoë kwaliteit en help dat 'n mens alles tydens die erediens helder kan hoor. Maak asb. met die grootste vrymoedigheid van hierdie diens gebruik.

FOTOBORD Nuwe lidmate word gevra om na die diens na die saal te kom vir die neem van 'n foto vir die fotobord. Melissa Kent sal die foto's neem.

VANUIT KERKVERBAND

BEROEPE AANVAAR

- Ds GP van Rhyn (Gerhard) van Rietvallei na Komatipoort.

Opruim, weggooi, uitdeel en orden!

Dat die meeste mense versamelaars is, is sekerlik nie weg te redeneer nie. Die feit dat baie van ons groot huise bewoon met groot motorhuise, pakkamers en erwe, veroorsaak dat hierdie versamelaarsgees uitgeleef word. Ons bêre blikkies, bottels, lappe, wol, tydskrifte, gedroogde blomme, en klere ens. Vir latere gebruik natuurlik! Maar . . . . . intussen is die weggee of wegdoen – nie 'n maklike aksie nie, want net môre kry jy dalk daardie ding nodig.

Die ingeboude kaste kan nie oopgemaak word nie, want dan val die ingestopte oorvol inhoud op ons. Die motor pas net-net in die motorhuis waar al die ander 'toekomstige' gebruiksgoedere gebêre word. Voor ons ons oë uitvee, bly ons veertig, vyftig jaar in dieselfde huis en ons moet trek – hetsy na ons hemelse tuiste of na 'n kleiner plekkie, of selfs 'n kamer. Die kragte het afgeneem en die lus en moed vir opruiming ontbreek. Nou moet die kind of kinders dit maar doen. Almal is deesdae só besig en dit verg inspanning om van al die baie goed ontslae te raak.
My raad is dus: gaan gereeld deur jou kaste. As jy 'n kledingstuk twee tot drie jaar nie gebruik het nie, sal jy dit vorentoe nie sommer weer dra nie. Daar is instansies wat die klere met ope arms ontvang en dit teen 'n lae prys verkoop of soos in my geval uitdeel.
Dus: besin vandag, begin vandag en smaak die vreugde van 'n skoon opgeruimde plek. *- Ina Steyn 018 294 6958*

Verblyf in groen gordel van Mooivallei vir nagraadse studente of werkende persone.
2 Slaapkamerkothuis met oopplan sitkamer, eetkamer en kombuis. Diere-vriendelik.
Beskikbaar vanaf 1 Mei 2018. Kontak Christa Truter : 079 026 1049

Betrekking benodig
Geregistreerde professionele rekenmeester met ± 25 jaar finansiële ondervinding. CV is beskikbaar.
Kontakbesonderhede: 082 923 8204 of doanevorster@webmail.co.za.